

## CHRISTELIKE LEKTUURFONDS



### SEPTEMBER REFO 500 PAMFLET

Hierdie is die 9de pamflet in die reeks van pamflette wat CLF ter viering van die Reformasie 500 uitgee en is beskikbaar in Afrikaans en Engels. Hierdie pamfletonderwerpe word ook maandeliks op CLF se gratis slimfoon toep (App) gelaai, indien u verkies om dit elektronies aan u gemeentelede beskikbaar te stel.


<p><b>Vrygemaak</b> <b>om anders</b> <b>te werk</b></p>	<p><b>VRYGEMAAK ... OM ANDERS TE WERK</b> <i>(Prof Nelus Niemandt)</i></p> <p>Baie mense voel dat hulle soos slawe werk en vasgevang is in omstandighede wat te veel van jou vra. Kan 'n mens vrygemaak word om jou werk te geniet?</p> <p>Ons behoort nie aan ons werk of werkgewer nie. Ons behoort aan God. Ons is vrygemaak om God met vreugde te dien, ook in die manier waarop ons werk.</p> <p>Die Reformasie bring 'n revolusie in die nadenke oor werk. Werk is 'n manier om God en ander mense te dien. Daarom kan jy dit as 'n roeping beskou. Mense wat vrygemaak is om anders te werk, het 'n positiewe invloed op hul kollegas en maak 'n positiewe verskil aan alles.</p>
---	--

**Vir verder navrae en bestellings, stuur e-pos na [order@clf.co.za](mailto:order@clf.co.za) of skakel 021 873 0198**

### BARMHARTIGHEIDSMAND

As jy die Engelse woord "compassion" (barmhartigheid) opdeel, kry jy "com" beteken "with" (met) en "passion" beteken letterlik "to suffer" (om te ly). Dus beteken "compassion" letterlik "om saam te ly". Ware barmhartigheid beteken dus aksie – nie emosie nie. Dit beteken om ander te dien en iemand in nood se laste te help dra. Hierdie aksie kom nie natuurlik nie – die Heilige Gees werk in ons om aan ons die begeerte en die krag te gee om te dien en ander met menswaardigheid te behandel.

**Christelike Lektuurfonds herinner gemeentes aan die pragtige pamflette wat ons in opdrag van Seisoen van Menswaardigheid Taakgroep in Afrikaans en Engels beskikbaar het.**



Nog voorbeelde van pamflette wat by die Barmhartigheid en Menswaardigheidstema pas, is die volgende:



**Vir verder navrae en bestellings, stuur e-pos na [order@clf.co.za](mailto:order@clf.co.za) of skakel 021 873 6964**